

## Iets besonders

**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 50 g wit Omega Nr. 8; 1 stringetjie borduurgare Nr. 30; 1 tolletjie wit gare; hekelpen van 1,25 mm; borduurnaald Nr. 6; 20 cm wit linnemateriaal, gewoonlik ongeveer 120 cm breed.

**MATE:** Ongeveer 53 x 43 cm.

**AFKORTINGS:** ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; viersl – vierslagsteek; herh – herhaal; sp – spasio.

\* – Wanneer 'n ster aangetref word, moet voortgehekel word tot aanwysings aandui dat weer vanaf dié ster begin moet word.

**SPANNING:** 10 x 10 cm filetwerk = 19 sps en blokkies in breedte en 22 rye in lengte.

**AANWYSINGS:** 1e Ry: Begin met 36 ks, draai.

2e ry: 1lb in 7e ks vanaf hekelpen (= 1e sp), hekel sps tot einde.

3e ry: 7ks, 1lb in vlg lb, 2ks, slaan 1 sp oor, 1lb in vlg lb; (2lb in dieselfde sp en 1lb in vlg lb) 8 keer; 2ks, 1lb in vlg lb, 2ks, 1 viersl in dieselfde st as vorige lb; om 'n spasio aan einde van ry te vermeerder.


Volg nou diagram tot einde, knip gare af en werk netjies af.

Hekel 'n tweede helfte op dieselfde manier.

**AFWERKING:** Ryg die twee gehekelde dele só op linnestroom vas dat daar 2,5 cm tussen breedste dele is. Raadpleeg foto.

Stik dan die filetwerk met koordsteek op linnestroom vas. Knip oortollige materiaal aan verkeerde kant weg en werk af.

Maak nou 'n strook linne van 220 x 3 cm en stik 'n smal soompie aan een lang kant, ryg strook in om om middelstuk te pas en werk met fyn stekies aan buiterand van lappie vas. ●



### DIAGRAM VIR TAFELKLEEDJIE

#### SLEUTEL TOT DIAGRAM

- spasio = \*1lb, 2ks, slaan 2 ste oor; herh van \*
- blokkie = 1lb om te begin, 2lb in vlg 2 ste of vlg sp, 1lb om te voltooi.
- laset, word oor 2 rye gehekel; in 1e ry: 1lb, 3ks, slaan 2 ste oor, 1kb in vlg st, 3ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st. 2e ry: 1lb, 5ks, slaan 5 ste oor, 1lb in vlg st.